**Skriflesing: Johannes 20 vers 19 - 31**
**Tema: Gee die volgende treë**

Mag kinders van die Here twyfel? Die vraag is nie of ons mag twyfel of nie. Die vraag is eerder: "Wat maak ons met ons geloofstwyfel?"

Ons het grootgeword met die Afrikaanse spreekwoord van "'n ongelowige Tomas". Tomas was egter nie 'n ongelowige nie. Hy was wel 'n twyfelaar. Wie was hy? Ons weet nie veel van hom nie. In Johannes 20 vers 24 lees ons dat hy ook Didimus genoem word wat 'tweeling' beteken.

Jesus sê in Johannes 14 vers 2 - 4: [2]In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie. [3]En as Ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is. [4]En julle ken die weg na die plek waarheen Ek gaan." Tomas antwoord Hom in Johannes 14 vers 15: "Here, ons weet nie waarheen U gaan nie; hoe kan ons dan die weg daarheen ken?"

In Johannes 11 lees ons van die dood van Lasarus. As Jesus berig ontvang dat Lasarus siek is, sê Hy vir Sy dissipels dat hulle moet teruggaan Judea toe. Die dissipels vra vir Hom: "Nou die dag nog wou die Jode U stenig, en nou gaan U weer daarheen?"
Tomas sê vir die ander dissipels: "Kom ons gaan ook, sodat ons saam met Hom kan sterwe" (Johannes 11 vers 16). Thomas het Jesus onvoorwaardelik gevolg.

Ons weet nie waarom Tomas nie by die ander dissipels was toe Jesus die eerste keer na Sy opstanding op Sondagaand aan hulle verskyn het nie. Jesus se kruisdood was vir Tomas 'n krisis. Vir drie jaar volg hy Jesus van een plek na die ander. Hy was selfs bereid om vir Jesus te sterf (Johannes 11 vers 16). Maar toe sterf Jesus en sy hoop op die redding verdwyn binne 'n oogwink. Vir Tomas was dit blykbaar te veel. Hy sonder homself af van die res. Hy mis die eerste geleentheid om die opgestane Here te sien.

Die dissipels vertel opgewonde vir Tomas van Jesus se opstanding en dat hulle Hom in lewende lywe gesien het. Tomas glo nie dat Jesus opgestaan het nie. Die dissipels vind dit nie vreemd nie, want hulle én Maria het ook aanvanklik getwyfel.
Jesus verskyn self aan Maria en die dissipels. Hierdie ontmoetings herstel hulle geloof en wek by hulle intense blydskap. (Johannes 20 vers 20).

Thomas stel voorwaardes voordat hy sou glo dat Jesus opgestaan het. (Johannes 20 vers 25b). Hy wou die merke van die spykers sien, sy eie vinger in die spykermerke steek asook sy hand in Jesus se sy steek.

In Sy opsoekende liefde toon die Here eindelose geduld met Tomas. Na agt dae het hy weer geleentheid om die Here te ontmoet (Johannes 20 vers 26-27). Johannes vertel nie dat Tomas aan die Here geraak het nie. Die blinddoek val letterlik van sy oë af toe hy die opgestane Jesus herken. Hy glo dat dit Jesus is. Na hierdie ontmoeting met die opgestane Here, roep Tomas in verwondering uit: "My Here en my God!"
Here is 'n titel vol eerbetoon. Tomas erken Jesus as die Here oor lewe en dood. En hy aanbid Hom as **my** Here. Hy buig die knie voor Hom. Hy erken en aanbid Hom ook as **my** God.

Dit is Tomas se verhaal, maar hoe klink my en jou verhaal?

Wie van ons hier het nie al getwyfel nie? Ons almal het al getwyfel.
As volgelinge van die Here lewe ons in 'n wêreld waar God en Sy liefde maklik versluier word deur ons daaglikse lewensomstandighede. Verskeie dinge kan ons geloofsuitsig versluier en ons laat twyfel. Dit kan dinge soos ons gesondheid, siekte en dood wees.

Dalk is dit onsekerheid by jou huis of werk, of die situasie in ons land. Op maatskaplike vlak sien ons die samelewingsorde in duie stort.
Op politieke vlak word ons gekonfronteer met rassisme, regstellende aksie, korrupsie, nepotisme en grondgryp sonder vergoeding. Daar onstaan wantroue, vergelding en selfs haat tussen mense.
Op godsdienstige vlak het die kerk nie meer al die antwoorde soos vroeër nie. Uiteindelik is die kerk maar net een van die vele rolspelers in die wêreld met al sy uitdagings.
Daar is mense wat ons duidelik laat verstaan dat ons baie naief is om in die Bybel te glo.

U ken die vrae wanneer hierdie goed ons lewens vul: Waar is God? Is Hy nog in beheer? Indien Hy in beheer is, waarom doen Hy nie iets aan ons situasie nie? Wat help dit tog om te glo?

Vrae soos hierdie en geloofstwyfel is nie sonde nie. Dit is ook nie 'n teken van 'n "minderwaardige" geloofsverhouding of van ongeloof nie. Trouens, geloof en twyfel loop hand aan hand.
Geloofstwyfel beïnvloed elke gelowige se verhouding met die Here op die een of ander stadium van ons lewens.
Twyfel raak 'n probleem wanneer ons daarby vassteek en ons nooit daaroor kom nie. Dit is soos iemand wat stap, skielik vassteek met die een voet in die lig en dit nie regkry om 'n treë verder te gee nie. Soms steek almal van ons in twyfel vas, maar uiteindelik gee ons tog weer 'n treë. En ons sien in Johannes 20 hoe dit moontlik is.

God straf ons nie wanneer ons twyfel nie. Inteendeel, Jesus het empatie met ons geloofstwyfel. Hiervan is Sy optrede teenoor Tomas en ook die ander 'n bewys. Jesus doen iets aan Tomas, die dissipels en die vroue se twyfel. Hy verskyn aan hulle en versterk hul geloof.

Die Here verskyn vandag nog aan ons. Hy verskyn aan ons deur Sy Woord en Gees en deur medegelowiges. In Johannes 20 vers 21 sê Hyself: "Maar hierdie wondertekens is beskrywe (in die Bybel) sodat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God, en sodat julle deur te glo, in Sy Naam die lewe kan hê.

By Jesus leer ons om ander wat twyfel nie te veroordeel of op hulle neer te sien asof hulle tweedeklas Christene is nie. Ons behoort mense wat twyfel by te staan en op te bou - soos wat Jesus en die dissipels hier doen.

Ons leer ook by Tomas iets oor die hanteer van twyfel. Hy het nie sy twyfel gekoester nie. Hy verwoord sy twyfel. Hy is nie skaam of bang daarvoor nie. Hy praat daaroor en vra vrae en kry uiteindelik vrede. So gee hy die volgende geloofstreë.

**Afsluiting**
Christus het opgestaan. Daarom kan twyfel nooit die laaste woord in ons en medelowiges se lewens hê nie. Die Here en medegelowiges help ons om die volgende treë te gee.
**Amen**